higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

OPENBARE GESONDHEID
NKR VLAK 4

(9020034)

1 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

166Q1N2001

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Mnr. Jackson (39 jaar oud) bly by sy vrou en gestremde dogter. As gevolg van kroniese hoë bloeddruk het hy 'n beroerte gehad. Hy moet nou weer leer loop.

1.1 Gee VYF voordele wat dit vir Mnr. Jackson se gesondheid sal inhou as hy 'n hond aanhou. (5 × 2) (10)

1.2 Watter faktore behoort Mnr. Jackson by die keuse van 'n troeteldier te oorweeg? (5 × 2) (10)

1.3 Mnr. Jackson se dogter is by geboorte met serebrale gestremdheid gediagnoseer.

1.3.1 Definieer die term, *serebrale gestremdheid*. (3)

1.3.2 Noem en verduidelik DRIE redes waarom 'n troeteldier vir Mnr. Jackson se dogter voordelig kan wees. (3 × 2) (6)

1.4 Noem en verduidelik VYF nadele daarvan om 'n troeteldier te hê. (5)

1.5 Noem SES belangrike punte wat die Jackson-gesin moet doen of nie moet doen nie om gesondheidsrisiko's te verminder sodra hulle 'n troeteldier aangeskaf het. (6)
[40]

VRAAG 2

2.1 Noem en verduidelik SEWE punte of goed wat gedoen kan word om 'n gesonde omgewing te bevorder. (7 × 2) (14)

2.2 Hoe sal ontbossing klimaatsverandering beïnvloed? (4 × 2) (8)

2.3 Kopieer en voltooi die tabel hier onder in die ANTWOORDBOEK en gee DRIE punte om tussen *bioafbreekbare afvalprodukte* en *nie-bioafbreekbare afvalprodukte* te onderskei.

BIOAFBREEKBAAR	NIE-BIOAFBREEKBAAR
(3)	(3)

(Enige toepaslike 3 × 2) (6)

2.4 Noem VIER stadiums in die afvalbestuurshiërargie vanaf die beste metode tot die mins gewenste metode. Verskaf 'n voorbeeld van elke stadium. (4 × 2) (8)

2.5 Noem VIER punte wat gesinne of individuele kan doen om minder afval te produseer. (4)
[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Gesondheidsbevordering fokus op die voorkoming van mondelinge siekte	A	mondgesondheid
		B	beroepsgesondheid
3.1.2	'n Hoë aantal sterftes onder moeders en kinders	C	gesinsbeplanning
		D	gesondheidsopvoeding
3.1.3	Bevordering van die beplanning van die aantal kinders	E	sterftesyfer
		F	kankerbewustheidsprogramme
3.1.4	Beskerming en bevordering van werkers se gesondheid en veiligheid		
3.1.5	Bloeddrukmonitor-programme		

(5 × 1) (5)

3.2 Bespreek VYF redes waarom 'n handewasveldtog deel van gesondheidsbevordering uitmaak. (5 × 2) (10)

3.3 Teken 'n breinkaart wat die kern van die gesondheidsbevorderingspraktyk illustreer. (5)

3.4 Lees die scenario en beantwoord die vrae.

'n Opgeleide noodhelper is die eerste persoon op die toneel van 'n motorongeluk. Die noodhelper stel ondersoek in en bevind dat 'n vrou bewusteloos is, maar steeds asemhaal. Haar man kla oor 'n effense bloeding aan sy been. ’n Seun is by haar aankoms reeds oorlede en die dogter het 'n gebreekte arm.

3.4.1 Bepaal die prioriteitsbehandeling vir die familie van die hoogste prioriteit tot die laagste. Staaf elke keuse. (4 × 2) (8)

3.4.2 Verskaf die nommers van die volgende nooddienste:

(a) Ambulansdiens

(b) Nasionale noodrespons

(c) Suid-Afrikaanse Nooddiens

(3 × 1) (3)

3.4.3 Beskryf wat 'n opgeleide noodwerker of die eerste persoon op die ongelukstoneel in die bostaande scenario moet doen om die bewustelose vrou te help. (4)

3.4.4 Watter inligting behoort die noodwerker te verskaf wanneer sy die nooddienste oor die ongeluk in die bostaande scenario skakel. (5)

[40]

VRAAG 4

4.1 Definieer die term, *geraasbesoedeling*. (3)

4.2 Watter eenheid word gebruik om klank te meet? (1)

4.3 Dui die aantal eenhede en die duur van geraas aan wat gehoor kan beskading. (2)

4.4 Beantwoord die vraag oor Mnr. Bailey in die beeld hier onder.



[Aangepas uit: http://www.google image – iPod hearing loss op 2 September 2019]

4.4.1 Verduidelik aan Mnr. Bailey wat die uitwerking van kroniese blootstelling aan geraas op sy gehoor mag hê. (5)

4.4.2 Verduidelik aan Mnr. Bailey hoe hy gehoorverlies kan vermy wanneer hy oorfone gebruik. (5 × 2) (10)

4.4.3 Beskryf hoe jy sal bepaal of Mnr. Bailey aan gehoorverlies ly. (5)

4.5 Die beste manier om jou ore skoon te maak is om 'n katoen-oorpluisie te gebruik om die was te verwyder.

Dui aan of jy met hierdie stelling saamstem of verskil deur 'Stem saam' of 'Verskil' neer te skryf en DRIE redes vir jou antwoord te verskaf. (1 + 3) (4)

4.6 Noem en verduidelik VYF gevolge van onvoldoende behuising op persoonlike gesondheid. (5 × 2) (10)

[40]

VRAAG 5

5.1 Beantwoord die vrae oor die prent hier onder.



[Aangepas uit: http://www.cei-international.org/learners-with-disability/ op 3 Julie 2019]

5.1.1 Gee DRIE redes waarom studente met fisiese gestremdhede toegang tot onderrig behoort te hê. (3 × 2) (6)

5.1.2 Watter raad moet aan 'n gesin met 'n gestremde kind gegee word? (5)

5.2 Voltooi die tabel hier onder deur die ontbrekende inligting oor die gestremdhede langs die vraagnommer (5.2.1–5.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

TIPES GESTREMDHEID	DEFINSIE	VOORBEELD
Fisiese gestremdhede	5.2.1	Paraplegie
5.2.2	Persoon sukkel om inligting in te neem.	Disleksie
Sensoriese gestremdhede	5.2.3	5.2.4
5.2.5	Geestesiekte	5.2.6
Neurologiese gestremdheid	5.2.7	5.2.8
Nie-sigbare gestremdhede	5.2.9	5.2.10

(10)

5.3 Noem die DRIE wette wat op die werkplek van toepassing is. (3)

5.4 Gesondheid en veiligheid in die werkplek is 'n spanpoging.

Gee jou opinie oor hierdie stelling. (5 × 2) (10)

5.5 Noem die VIER kategorieë van die regulasies van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid. (4)

5.6 Noem TWEE siektes wat 'n persoon in die werkplek kan opdoen. (2)

[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou